Klein Karoo Saad Bemarking brei sy produkreeks steeds verder uit

SUNET HUMAN, KLEIN KAROO SAAD BEMARKING

Klein Karoo Saad Bemarking is die enigste saadmaatskappy in Suid-Afrika wat die volledige reeks van saadprodukte aan produsente verskaf. Sedert die maatskappy se begin in 2002, het die beperkte produkreeks van lusern- en groentesaad tot op hede uitgebrei na 'n reeks van graan-, weiding- en groentegewasse. Eksklusiewe verspreidingsregte met erkende internasionale maatskappye het bygedra tot die maatskappy se uitstekende gehalte en beskikbaarheid van produkte.

Vandag produseer Klein Karoo Saad Bemarking saad regoor die wêreld, insluitende in Suid-Afrika, Suider-Afrika, Europa, Australië, die VSA, Suid-Amerika en die Ooste. Met verskeie takke en proefplase in en buite Suid-Afrika sowel as proeffasiliteite op vier kontinente, het dit ons norm en missie geword om op hoogte te bly van die voortdurend veranderende behoeftes van die landboubedryf.

Om hierdie norm te handhaaf, is verdere uitbreiding en verbetering van produkte uiters belangrik. Klein Karoo Saad Bemarking beskik oor wye toegang tot genetiese diversiteit in die landboubedryf, wat dit dus moontlik maak vir die maatskappy om die produsent voorop te stel in die ontwikkeling van saad. 'n Groeiende saadbehoefte in die Suid-Afrikaanse mark, het daartoe gelei dat die maatskappy sy produkreeks steeds verder gaan uitbrei. Die maatskappy is tans besig met sojaboonevaluasies in Suid-Afrika om sojabone met kwaliteit en uitstekende produksiepotensiaal aan produsente beskikbaar te stel. Dit gee ons die voordeel dat aangepaste soja-seleksies vir die verskeie klimaatstoestande in Suid-Afrika by Klein Karoo Saad Bemarking beskikbaar sal wees.

Ons evalueer tans 23 sojaboonvariëteite van Nidera Seeds, 'n Argentynse maatskappy wat in 1929 gestig is. Nidera Seeds is 'n erkende maatskappy in die mark, met 'n uitstekende handelsmerk, wat ondersteun word deur navorsing, teling en produksie van mielies, sojabone, sonneblom, sorghum en koring.

Die evaluasie van hierdie 23 variëteite, sluit kultivars in wat wissel in groeilengte van groep vier tot groep agt. Van hierdie 23 variëteite sal twee kultivars kommersieel beskikbaar wees vir verkope in 2013/2014, naamlik NS 5009 en NS 5909. Hierdie twee kultivars word beide geklas in groep vyf groeilengtes. Die agronomiese eienskappe wat hulle uniek maak, is dat hul goed aangepas is in die Hoëveld en warmer sojaboonproduksieareas. Ons poog om met die toepassing van deeglike navorsingstegnieke, nuwe sojaboonkultivars met uitstaande kenmerke, soos hoë opbrengs, omval- en nematode weerstand, onkruiddoderverdraagsaamheid en ander toepaslike eienskappe, beskikbaar te stel.

Vir navrae rakende sojaboonpakkette, kontak gerus jou naaste Klein Karoo Saad Bemarking kantoor of verteenwoordiger. ■